



**GAUTENG PROVINCE**  
EDUCATION  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**DISTRIK: GAUTENG-WES**  
**GEMEENSKAPLIKE EKSAMEN:**  
**JUNIE 2016**

**VAK: AFRIKAANS EERSTE\_ADDISIONELE**  
**TAAL**

**VRAESTEL: 1 (TAAL IN KONTEKS)**

**GRAAD: 11**

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 UUR**

*Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye*

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

AFDELING A: Leesbegrip: Vraag 1	(30 punte)
AFDELING B: Opsomming: Vraag 2	(10 punte)
AFDELING C: Taal: Vraag 3, 4, 5.1 en 5.2	(40 punte)

2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
4. Trek 'n streep ná elke afdeling.
5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
6. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.
7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Beplan jou tyd só:  
AFDELING A: 50 minute  
AFDELING B: 30 minute  
AFDELING C: 40 minute

**AFDELING A – LEESBEGRIP****VRAAG 1****TEKS A: ARTIKEL 1**

Lees die onderstaande tydskrifartikel deur en beantwoord die vrae wat volg.

### **EINSTEIN SE BREIN WEER ONTLEED**

1. Die wêreld se slimste man, Albert Einstein, het nie 'n groter brein as ander mense gehad nie. Dit was net 'n bietjie anders as ander mense s'n gevorm.
2. Meer as veertig jaar ná die dood van die man wat die geheim van die atoom verklaar het en aan die wêreld revolusionêre idees, soos die relativiteitsteorie gegee het, en ons gehelp het om die spoed van lig te verstaan, is Einstein se brein vir die eerste keer behoorlik ondersoek. Wat gevind is, is só interessant dat die Britse mediese tydskrif *The Lancet* daarvoor verslag gedoen het.
3. Einstein het self voor sy dood in 1955 opdrag gegee dat sy brein vir die wetenskap bewaar moes word. Sewe uur ná sy dood op die ouderdom van 79 jaar, is sy brein verwyder en geweeg. Toe die skaal wys dat die genie se brein niks swaarder is as die gemiddelde 1,5 kg van ander mense se breine nie, is die belangstelling in sy brein verloor en is die brein in formalien bewaar.
4. Professor Sandra Witelson van die McMaster Universiteit in Hamilton, Ontario, het onlangs die geluk gehad dat sy haar hand op die breine van 35 normale mense kon lê. Met fyn ontleding het sy Einstein se brein met ander breine vergelyk.
5. Sy het gevind dat dié deel van Einstein se brein wat wiskundige denke en beweging hanteer, 'n sentimeter breër is aan albei kante. Dit vergroot die breinkapasiteit met 16 persent.
6. Ook is die gleuf wat die brein in twee verdeel in Einstein se geval baie vlakker. Dit sê Witelson, maak dit moontlik om tot gevolgtrekking te kom dat Einstein se brein dít kon bereik waartoe ander mense se breine nie instaat is nie.
7. Britse neuroloë dink dit is nogal interessant. "Dit is ongelooflik dat Prof. Witelson met blote doelgerigtheid kon vasstel wat oor jare deur vele ander wetenskaplikes misgekyk is," volgens *The Lancet*.

[Verwerk uit: [www.wisegeek.org/how-is-einsteins-brain-different](http://www.wisegeek.org/how-is-einsteins-brain-different)]

- 1.1 Op watter manier is Albert Einstein se brein uniek? (1)
- 1.2 Waarom word Einstein as die slimste man beskou? Gee DRIE feite. (3)

- 1.3 Vir watter doel moes Einstein se brein bewaar word? (1)
- 1.4 Watter ENKELE WOORD in paragraaf 2 dui aan dat Einstein se brein baie deeglik ondersoek is? (1)
- 1.5 Wat het wetenskaplikes misgekyk, toe hulle sewe uur na Einstein se dood sy brein ondersoek het? (1)
- 1.6 Waarom het wetenskaplikes se belangstelling in Einstein se brein net na sy dood gou afgeneem? (1)
- 1.7 Word die onderstreepte woorde in “haar hand op die breine van 35 normale mense kon lê” in paragraaf 4 letterlik of figuurlik bedoel? (1)
- 1.7.1 Motiveer jou antwoord op vraag 1.7 (1)
- 1.8 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR. Motiveer jou antwoord:  
Die deel van Einstein se brein wat emosies beheer was breër as normaal. (1)
- 1.9 Noem TWEE eienskappe van Einstein se brein wat anders as normaal is? (2)
- 1.10 Wat beteken dit as iemand “doelgerig” is (paragraaf 7)? (1)
- 1.11 Watter positiewe gevolge het die feit dat Einstein se brein in formalien bewaar is meer as 40 jaar later gehad? Noem TWEE gevolge. (2)
- 1.12 Wat is jou opinie omtrent orgaanskenking?. (2)
- 1.13 Kies die antwoord wat die volgende sin korrek voltooi:  
'n “Neuroloog” is iemand wat ...
- A neuroses bestudeer  
B neutrone bestudeer  
C atome bestudeer  
D die senuweestelsel bestudeer (1)


[19]

EN

**TEKS B: ARTIKEL 2**

Lees die onderstaande internetartikel deur en beantwoord die vrae wat volg.

## INTERESSANTE FEITE OOR ALBERT EINSTEIN



- 1 Ons almal weet sekerlik van Albert Einstein, die uitmuntende wetenskaplike, maar min mense weet dat hy eers op die ouderdom van vier jaar begin praat het.
- 2 Die mite dat hy 'n swak leerder was, is egter onwaar: Op die ouderdom 11 was hy nie alleen 'n skrandere fisika leerder nie, maar was hy ook 'n briljante violis. Verder was hy ook die beste student in Grieks en Latyn. Hy het sommer maklik universiteitsvlak calculus (gevoerde wiskunde) bemeester, nog voordat hy 15 jaar oud was.
- 3 Hy was 'n baie eksentriek persoon en het, behalwe vir die "wilde bos" hare, glo ook nie graag kouse gedra nie, selfs nie as hy gaan klasgee het by Oxford Universiteit nie.
- 4 Hy was altyd uitgesproke en het rasisme baie sterk veroordeel.
- 5 Hy kon dalk langer as net 76 jaar gelewe het, as hy net toestemming sou gee vir 'n operasie op die stadium toe hy weens 'n gebarste aar in die hospitaal opgeneem is, kort voor sy dood.

[Vertaal uit: [www.huffingtonpost.com/2013/10/17/abert-einstein-facts](http://www.huffingtonpost.com/2013/10/17/abert-einstein-facts)]

- 1.14 Wat is die nut van die foto in hierdie teks? (1)
  - 1.15 Watter afleiding kan uit paragraaf 1 gemaak word oor kinders wat lank neem om te begin praat? (1)
  - 1.16 Watter musiekinstrument het Einstein bemeester, volgens paragraaf 2? (1)
  - 1.17 Hoe weet ons dat Einstein 'eksentriek' was? (1)
  - 1.18 Haal EEN feit omtrent Einstein in Teks B aan wat jou die meeste verras het? (1)
- [5]**

**TEKS C: INLIGTINGSTUK**

Bestudeer die onderstaande inligtingstabel en beantwoord die vrae wat volg.

Die tabel hieronder gee die totale syfer van Suid-Afrika se bevolking, uitgedruk in miljoene oor die afgelope 25 jaar.

**ONS BEVOLINKINGSAANWAS**

	<i>Stedelik</i>	<i>Landelik</i>	<i>TOTAAL</i>
<b>1985</b>			<b>32 132</b>
<b>1990</b>	16 277	15 855	
<b>1995</b>			
<b>2000</b>			
<b>2005</b>			
<b>2010</b>			
<b>2015</b>	79 770	40 909	<b>820 679</b>

[Verwerk uit Wikipedia en How stuff works]

- 1.19 Vergelyk die totaal vir 1985 en 2015 met mekaar. Wat merk jy op? (1)
  - 1.20 Vind die meeste groei in die landelike- of die stedelike bevolking plaas? (1)
  - 1.21 Verduidelik hoe die vorm van die twee pyle verskil. Gee 'n rede vir die verskil. (2)
  - 1.22 Waarom, dink jy, verkies al hoe meer mense die stad bo landelike gebiede? (1)
  - 1.23 Hoe, dink jy, kan ons die gevaar van oorbevolking in Suid-Afrika die hoof bied? (1)
- [6]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B – OPSOMMING****VRAAG 2**

Lees die onderstaande teks deur en voer die instruksies uit.

**INSTRUKSIES:**

1. Som die SEWE WENKE oor hoe om 'n wen toespraak te lewer in jou eie woorde op.
2. Skryf die sinne PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die sinne van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS D****ALGEMENE WENKE VIR TOESPRAKE**

Hier volg 'n paar algemene wenke oor hoe om 'n WEN toespraak of praatjie te lewer:

Hou altyd jou boodskap eenvoudig. Moenie jou gehoor laat wonder waarvan jy hulle wil oortuig nie. Stel dit hard en duidelik: Dít is waarvan ek julle gaan oortuig en dít is hoe ek dit gaan doen... (sonder om hierdie spesifieke woorde te gebruik).

Jy moet jou onderwerp so goed ken dat jy jou gehoor kan oortuig van jou standpunt. Goeie navorsing is 'n noodsaaklike stap in die voorbereiding en die aanbieding van jou inligting.

Klink entoesiasties, al is dit moeilik as mens nogal senuweeagtig is. Fokus op jou asemhaling. Die energie wat jy uitstraal word direk deur jou gehoor opgeneem en terug gekaats - as jy verveeld is, gaan die gehoor ook so wees!

Pouseer waar dit saakmaak. Gee mense tyd tussen jou standpunte om in te neem wat jy nou net gesê het.

Jou intonasie is die "musiek" in jou stem - dit is wat jou stem interessant maak om na te luister. Niemand wil luister na iemand wat die heelyd op dieselfde toon praat nie.

Daar is gewoonlik baie ander sprekers wat oor dieselfde tema as jy gaan praat, so wees jy anders. Wees uniek - al moet jy bietjie skok of snaaks wees om dit reg te kry.

Begin jou toespraak sterk en eindig nog sterker. Meeste mense onthou net die begin en die einde van jou toespraak, so dit is ongelooflik belangrik dat jou inleiding en slot baie treffend sal wees!

[Bron: [www.redenaars.co.za](http://www.redenaars.co.za)]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3: TEKS E: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg is op die advertensie gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.

## Matriek geslaag?

**Het jy hierdie vaardighede:**

- **Matriek;**
- **Rekenaargeletterdheid; en**
- **Uitstekende kommunikasie?**

**WEL, WAAR VOOR WAG JY?**

**As dit klink soos jy of soos iemand wat jy ken, besoek dan <https://outsurance.pnet.co.za>**

[Bron: Sarie se-tydskrif, Januarie 2016]

- 3.1 Hoe vestig die adverteerder die aandag van die leser op die advertensie? (1)
- 3.2 Wie is die teikenmark van hierdie advertensie? (1)
- 3.3 Hoe weet jy dat nie almal op die advertensie kan reageer nie? (1)



- 3.4 Die maande in die grafiek is nie in Afrikaans aangedui nie, maar in Engels.  
Skryf die AFKORTING "Mar" in sy Afrikaanse vorm (1)
- 3.5 Wat beteken dit as iemand rekenaargeletterd is? (1)
- 3.6 Skryf hierdie sin in die LYDENDE VORM:  
Otsurance gee werk aan matrikulante. (1)
- 3.7 Gee die korrekte vorm van die vetgedrukte woord.  
Otsurance gee **werk+geleentheid** aan jongmense. (1)
- 3.8 Hoe versterk die voorkoms van die dogter die boodskap? (1)
- 3.9 Verduidelik in jou eie woorde wat die woord **vaardighede** beteken? (1)
- 3.10 Verbeter die spelfout wat in die advertensie voorkom. (1)

[10]

EN

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.
- Die karakter in die strokie se naam is TJ.

## TEKS F



- 4.1 Gee die INTENSIEWE VORM van die onderstreepte woord.  
TJ is kwaad, want sy kar het alweer gebreek. (1)

- 4.2 Skryf die sin oor in die DIREKTE REDE.  
TJ sê dat hy nie weet wat om te doen nie.  
Begin so: TJ sê: “ ... .” (1)
- 4.3 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD:  
TJ lig die motorkap op. (1)
- 4.4 Verbind die volgende sinne met die voegwoord tussen hakies:  
TJ het in die handleiding gekyk. TJ het die busrooster gevind (Toe)  
Begin so: Toe TJ ... (2)
- 4.5 Wat impliseer TJ se woorde in verband met die bus- en treinroosters in raampie 3? (1)
- 4.6 Kies die korrekte antwoord om die volgende IDIOOM te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer.  
TJ gaan in die vervolg met Jan Tuissbly se ... ry:  
A. motortjie  
B. treintjie  
C. karretjie  
D. fietsie (1)
- 4.7 Beskryf TJ se gesigsuitdrukking in raampie 1 in EEN SIN. (1)
- 4.8 Gee 'n voorbeeld van ONOMATOPEE uit die strokie? (1)
- 4.9 Hoe word die woord WAT beklemtoon in Raampie 3? Noem TWEE maniere. (1)
- [10]**

**EN**

**VRAAG 5.1 – ARTIKEL**

- Die taalvrae wat volg is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.
- Skryf net die vraagnommer (5.1 - 5.16) en die antwoord neer.

**TEKS G****NOG 'N SLIMKOP!**

Phillip Davids (18) was verlede jaar 'n (5.1.1) matrikant/matriekulant aan die (5.1.2) Hoërskool/hoërskool Linden in Johannesburg. Hy het gister gehuil (5.1.3) ... hy die finale matriekuitslae sien.

Sy punte vir (5.1.4) Fisies Wetenskappe was altyd gemiddeld, maar hy het (5.1.5) 89 % vir Wetenskap in (5.1.6) sy / hom / haar finale eksamen gekry. Dit is nege punte (5.1.7) hoog as sy opstuurpunt! Hy is baie trots (5.1.8) ... hierdie (5.1.9) (presteer) en weet hy verdien die klein 5.1.10 (motor) wat sy ouers hom belowe het.

Davids (5.1.11) (wie/wat) verlede jaar in September reeds by die (5.1.12) Univ. van Pretoria aanvaar is om medies te gaan (5.1.13) studie, het sewe onderskeidings in matriek (5.1.14) gehaal/gekry.

Leerders van dié skool het al voor agtuur (5.1.15) (opgewen) in die skoolsaal gewag vir hulle uitslae. Die skool het borde vol (5.1.16) eetgoed op tafels uitgepak en elkeen het 'n koeldrank gekry.

[Verwerk uit: [af-za.facebook.com/beeldaanlyn](https://www.facebook.com/beeldaanlyn/)]

- 5.1.1 Kies die korrekte spelling. (1)  
 5.1.2 Kies die korrekte spelling. (1)  
 5.1.3 Gee die korrekte woord. (1)  
 5.1.4 Skryf die korrekte vorm van die woord. (1)  
 5.1.5 Skryf die getal en die simbool voluit. (1)  
 5.1.6 Kies die korrekte woord. (1)  
 5.1.7 Gee die korrekte vorm. (1)  
 5.1.8 Gee die korrekte voorsetsel. (1)  
 5.1.9 Gee die korrekte vorm. (1)  
 5.1.10 Gee die korrekte vorm. (1)  
 5.1.11 Kies die korrekte woord. (1)  
 5.1.12 Skryf die afkorting voluit. (1)  
 5.1.13 Gee die korrekte vorm van die woord. (1)  
 5.1.14 Kies die korrekte woord. (1)  
 5.1.15 Gee die korrekte vorm van die woord. (1)  
 5.1.16 Gee die verkleiningsvorm. (1)

**[16]****EN**

**VRAAG 5.2 : STROKIESPRENT**

- Die taalvrae waat volg is op die onderstaande strokiesprent gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.

**TEKS H**

[Bron: Ninapaley.com]

- 5.2.1 Verbeter die spelfout in die eerste spraakborrel. (1)
- 5.2.2 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die onderstreepte woord in raampie 2. (1)
- 5.2.3 Dui die ANGLISISME in raampie 3 aan. (1)
- 5.2.4 Watter SINSTIPE word aangetref in raampie 3? (1)

**[4]****TOTAAL AFDELING C: 40****GROOTTOTAAL: 80**